

## Wie is al die mense?

Februarie 2015

Tydens onlangse ernstige ongelukke was daar moontlik meer mense teenwoordig in die gevaar area as wat nodig was om die werk te doen. Hier is voorbeelde:

- Negentien mense het daarin geslaag om uit 'n vlambare gaswolk te ontsnap terwyl hulle besig was om 'n lekkende pyp in 'n raffinadery te ondersoek. Die lek het skielik vergroot en vlambare vloeistof en gas vrygestel wat later onsteek het. (1)
- Seventien mense is dood in 'n ontploffing toe hulle 'n kompressor aanskakel wat vlambare damp uit 'n uitvloeisel tenk suig. Die tenk het onverwags vlambare gas in die dampspasie gehad. (2)
- Drie van 5 werkers is dood terwyl hulle 'n lekkende pyp in 'n metaalproseeringsaanleg ondersoek het. Daar het onverwags 'n waterstof brand ontstaan. (3)

Die waarskynlikheid van 'n ernstige insident is groter wanneer toerusting afgeskael of in bedryf gestel word, of as daar 'n abnormale situasie is. Hoekom? In sommige gevalle is beskermingsmeganismes nie dan in werking nie. Tydens inbedryfstelling is dit moontlik dat iemand 'n fout gemaak het in die voorbereiding van toerusting. So kan daar 'n klep wees wat oop is terwyl dit toe moet wees, 'n blinde flens nog indie lyn, of soortgelyke ander fout. Tydens inbedryfstelling is almal gefokus om die afsluiting af te handel en dink hulle dalk nie aan wat verkeerd kan gaan en wat gedoen moet word as dit verkeerd gaan nie. Dis ook moontlik tydens onstabiele bedryf dat daar soveel alarms afgaan dat die werklike oorsaak van die probleem nie vir die operateur duidelik is nie.

Te veel mense in die aanleg of beheerkamer kan aandag aftrek en veroorsaak dat mense foute maak wat ernstige insidente kan veroorsaak. Die ekstra mense, wat dalk nie almal op daardie stadium nodig is nie, is dan ook blootgestel as 'n ernstige insident gebeur.



## Wat kan jy doen?

Hersien bedryfsprosedures vir abnormale bedryf soos inbedryfstelling, afsluiting, onstabiele bedryf en die ondersoek proses vir 'n toerusting probleem. Die prosedure behoort aan te dui wie moet teenwoordig wees op die aanleg, en wie is nie nodig nie, sodat so min as moontlik mense aan risiko blootgestel word. As dit nie duidelik is nie, bring dit onder bestuur se aandag. Hier is 'n paar vrae waarvoor bedryfsprosedures antwoorde behoort te gee:

1. Wie is noodsaaklik vir die taak? Wie is daar uit belangstelling, en dalk nie noodsaaklik nie. Hulle moet liever na 'n veiliger area toe gaan. Vir beplande afsluiting en inbedryfstellings, moet hierdie besluit geneem word wanneer die afsluitingsplan opgestel word.
2. As iets verkeerd gaan, wat kan met die mense in die area gebeur?
3. Hersien noodprosedures vir lekke: Bepaal die prosedure waarheen mense moet gaan wat nie nodig is om die lek te ondersoek nie?
4. Weet almal in die area wat hulle moet doen as daar skielik 'n lek kom? Het hulle die nodige beskermende klere?
5. Oorweeg dit om gevaarlike take uit te stel totdat dit moontlik is om onnodige mense uit die area te kry.
6. As jy nie 'n spesifiek gedefinieerde taak het om te doen op die aanleg nie, gaan liever weg na 'n veiliger area toe! As jy nie seker is nie, vra toestemming by die operateur of toesighouer of jy by mag wees terwyl hy die taak doen.

***Slegs noodsaaklike mense moet teenwoordig wees tydens afsluiting, inbedryfstelling en probleem ondersoek!***